## Kleinboer as Johannesburgse flaneur, met spesifieke verwysing na *Werfsonde*

Bibi Burger

### Opsomming

In sy resensie van *Werfsonde* (2012) sê Van Coller (2013: 193) dat die outobiografiese roman se hooffiguur nie beskou kan word as ’n flaneur nie. Hy definieer “flaneren” as “doelloos rondswerf” en sê dat dié konsep ’n baie spesifieke betekenis in die Europese literatuurgeskiedenis het. Hierdie artikel argumenteer dat die verteller van *Werfsonde* wél as flaneur beskryf kan word. Walter Benjamin (1997: 55) konseptualiseer die flaneur nie as iemand wat slegs ronddwaal nie, maar voer aan dat ’n flaneurteks een is waarin die skrywer of verteller se eksplisiete politieke kommentaar van minder belang is as die maniere waarop die teks gemerk is deur die stedelike omgewing waardeur die flaneur beweeg. Hierdeur word die teenstrydighede van die flaneur se samelewing in die teks ontbloot. Hierdie artikel voer aan dat Benjamin se teoretisering oor die flaneur gebruik kan word om ’n algemene diskoers binne die Suid-Afrikaanse literatuurteorie – waarbinne die literêre uitbeelding van beweging deur die stad gekonsepsualiseer word as bemagtigend en simbolies van karakters se agentskap – te nuanseer. *Werfsonde* dien as ’n gepaste teks vir die verkenning van die beperkings van hierdie diskoers omdat die verteller se beweging deur Johannesburg beïnvloed word deur ’n verskeidenheid faktore, insluitend sy klas, ras en geslag. Benjamin (1997: 104) se beskrywing van die flaneur as ’n skrywer wat homself nie heeltemal van sy omgewing kan distansieer om kritiek daarop te lewer nie, maar wat toelaat dat die stad hom en sy werk merk op ’n manier wat wel kan lei tot politieke insigte, dien dus as ’n manier om die politieke belang van *Werfsonde* te verken sonder dat die verteller gekonsepsualiseer word as ’n ten volle outonome mens wat agentskap uitoefen deur sy bewegings deur Johannesburg.

### Summary

Reviewing *Werfsonde* (2012) by Kleinboer, Van Coller (2013: 193) says that the novel’s protagonist cannot be considered a *flâneur*. He defines *flâneur*-ing as “aimless wandering”

and says the concept has a very specific meaning in European literary history. This article argues that the narrator of *Werfsonde* can in fact be described as a *flâneur*. Walter Benjamin (1997: 55) doesn't conceive the *flâneur* simply as someone who wanders, but argues that a *flâneur* text is one in which the explicit political commentary of the writer or narrator is of less importance than the ways in which the text is marked by the urban environment through which the *flâneur* moves. Through these marks the contradictions of the society in which the *flâneur* is situated are exposed. In this article, I argue that Benjamin's theorisation on the *flâneur* can be used to add nuance to a prominent discourse within South African literary theory – a discourse in which the literary representation of movement is conceptualised as empowering and symbolic of characters' agency. *Werfsonde* serves as a suitable text for the exploration of the limitations of this discourse, because the narrator's movements through Johannesburg are influenced by a variety of factors, including his class, race and gender. Benjamin's (1997: 104) description of the *flâneur* as a writer who cannot completely distance himself from his environment in order to critique it, but who allows the city to mark him and his writing in a way that can lead to political insights, serves as a way of exploring the political implications of *Werfsonde* without conceptualising the narrator as a fully autonomous person able to enact agency through his movements in Johannesburg.

**Inleiding**

*Werfsonde* (2012) is die tweede roman in wat deur die uitgewers, Penguin Random House (2017: par. 3), as ’n drieluik beskryf word. Die eerste, *Kontrei* (2003), wen in 2004 die Rapport/Jan Rabie-prys vir vernuwende prosa en word deur Jaco Fouché in Engels vertaal as *Midnight Missionary*. Die derde, *Hierdie Huis*, word in Julie 2017 gepubliseer. Al drie die romans is outobiografies en gaan oor ’n wit, middelklas verteller se alledaagse lewe in Yeoville, ’n Johannesburgse buurt wat hoofsaaklik bewoon word deur arm swart Suid-Afrikaners en immigrante uit die res van Afrika. Die verteller besoek gereeld bordele en behalwe vir sy gesinslewe (met sy vrou Lungi en haar seun Jomo) en sy werk as taalversorger, bestaan die romans uit beskrywings van seks met swart prostitute.

In ’n resensie van *Werfsonde* sê Van Coller (2013: 193) dat die roman nie beskou kan word as ’n flaneurteks nie, ten spyte van die verteller se bewegings deur ’n stad en beskrywings van

prostitute – beide eienskappe wat algemeen voorkom in flaneurtekste. Die rede waarom Van Coller (2013: 193) *Werfsonde* nie as ’n flaneurteks bestempel nie, is omdat hy flaneer definieer as “doelloos rondswerf” en aanvoer dat dié konsep ’n baie spesifieke betekenis in die Europese literatuurgeskiedenis het. In hierdie artikel wil ek aanvoer dat, alhoewel die verteller van *Werfsonde* se rondswerwery nie doelloos is nie, die teks juis gelees kan word in terme van Walter Benjamin se teoretisering rondom die Europese flaneurtradisie.

Walter Benjamin se teorieë rondom flaneurliteratuur is invloedryk binne die Suid-Afrikaanse literêre teorie – veral na aanleiding van Sarah Nuttall se artikel “City forms and writing the ‘now’ in South Africa” (2004). Hierin voer sy aan dat teoretiserings oor Suid-Afrikaanse stedelike literatuur wat fokus op die negatiewe, korrupterende invloed van stedelike ruimtes op karakters, reduksionisties is. Sy argumenteer dat teoretici eerder by die werk van Benjamin en Michel de Certeau moet aansluit om die maniere te verken waarop individuele karakters agentskap uitoefen in stede en nie net deur die stede gedetermineer word nie. Nuttall se benadering is betekenisvol omdat dit stereotipiese beelde van Afrika-stede uitdaag, maar dit erken nie voldoende dat Benjamin nie die beweging van die flaneur as ’n uitoefening van agentskap konseptualiseer nie. In sy besprekings van die werk van Charles Baudelaire teoretiseer hy nié dat die flaneurskrywer agentskap uitoefen deur beweging of dat hy homself kan distansieer van sy omgewing om daarop kritiek te lewer nie (Benjamin 1997: 104). Hy voer eerder aan dat die flaneurskrywer se werk waardevol is omdat dit tekens van gedetermineerdheid toon en die flaneur verteenwoordigend raak van kommodifisering en die middelklasposisie in sy stad. In Baudelaire se geval raak die flaneur, ten spyte van sy antibourgeois uitsprake, juis verteenwoordigend van die middelklas in neëntiende-eeuse Parys. Benjamin formuleer dit soos volg:

> There is little point in trying to include the position of a Baudelaire in the fabric of the most advanced position in mankind’s struggle for liberation. From the outset it seems more promising to investigate his machinations where he undoubtedly is at home – in the enemy camp [the bourgeois]. Very rarely are they a blessing for the opposite side. Baudelaire was a secret agent – an agent of the secret discontent of his class with its own rule. (1997: 104)

Hierdie artikel voer aan dat alhoewel *Werfsonde* se verteller eksplisiet en implisiet kritiek lewer op ander wit middelklas inwoners van Johannesburg, hy uiteindelik juis beskou kan word as verteenwoordigend van Afrikaanssprekende, wit, middelklas Johannesburgers en die "discontent" en teenstrydighede van hierdie groep se posisie duidelik maak. Daar sal aangetoon word dat *Werfsonde* 'n gepaste teks is om die waarde van Benjamin se fokus op die flaneur as gedetermineerd en verteenwoordigend van 'n bepaalde samelewings-groep vir Suid-Afrikaanse literêre teorie – en veral teorie gemoeid met die uitbeelding van stedelike ruimtes – te verken.

Aan die een kant is die Johannesburgse ruimtes wat in *Werfsonde* uitgebeeld word nie bloot stereotipies nie, omdat 'n verskeidenheid spesifieke ervarings van individue in die stad uitgebeeld word. Die karakters word ook nie ten volle deur die ruimtes waarin hulle hulself bevind gedetermineer nie. Aan die ander kant toon die uitbeelding van die outobiografiese verteller se ervarings wel tekens van gedetermineerdheid. Soos geargumenteer sal word, kan die maniere waarop hy deur die stad beweeg verstaan word in terme van, onder meer, sy ras, klas en geslag en kan dit dus nie gesien word as die aksies van 'n ten volle rasioneel en outonome individu wat homself kan distansieer van sy omgewing om keuses uit te oefen nie. Om die belang hiervan vir die Suid-Afrikaanse literêre teorie te toon, sal die diskoers oor die literêre uitbeelding van beweging in die stad eerstens uiteengesit word. Daarna sal die bewegings van die verteller van *Werfsonde* bespreek word as die bewegings van 'n flaneur. Daar sal in die besonder gefokus word op die uitbeelding van geslag in die roman, die invloed daarvan op die karakters se bewegings, en die politieke implikasies daarvan.

**Die flaneur en bewegende stedelinge binne Suid-Afrikaanse literêre teorie**

Alhoewel daar verskeie uitsonderings is, word Afrikaans- en Engelstalige Suid-Afrikaanse fiksie wat in stede afspeel dikwels in terme van veral twee teoretiese raamwerke geïnterpreteer. Eerstens word dit verstaan as 'n reaksie op die Afrikaanstalige plaasroman – en Engelstalige pastorale tradisies.[1] Tweedens word stedelike tekste dikwels beskou as 'n

[1] Kyk Van Coller (2006) vir 'n oorsig van die plaasromantradisie en verwysings na stedelike romans wat in terme daarvan geanaliseer word, en Kruger (1997: 566) vir 'n oorsig van die Engelstalige pastorale tradisie en dramas wat in terme daarvan geanaliseer word.

voortsetting of ondermyning van die sogenaamde "Jim comes to Joburg"-troop. Hierdie troop, wat handel oor 'n naïewe swart man wat na die stad gaan en daar gekorrupteer word (Baines 2003: 38), is te vinde in verskeie Engelstalige Suid-Afrikaanse literêre werke uit die eerste helfte van die twintigste eeu, waarvan die bekendste waarskynlik *Cry, the Beloved Country* (1948) deur Alan Paton is (Medalie 2003: 40; O'Shaugnessy 2012: 17; Kruger 2013: 66). Ook meer onlangse Engelstalige romans, soos *Welcome to our Hillbrow* (2001) deur Phaswane Mpe, word gelees vir die manier waarop dit by hierdie troop (of by die opposisie tussen landelike en stedelike) aansluit of dit ondermyn.[2]

Daar is minder Afrikaanstalige tekste wat in terme van hierdie troop geanaliseer word. *Swart Pelgrim* (1952) deur F.A. Venter is 'n prominente uitsondering (sien Stahle 2001: 202; Kannemeyer 2005: 436; Titlestad 2012: 676). Roos (1998: 45) bespreek ook Afrikaanse literatuur deur swart skrywers, soos *As die Son Ondergaan* (1945) deur S.V. Petersen, en *Okkies op die Breë Pad* (1955) deur Eddie Domingo en *Jôhannie Giet die Beeld* (1954) en *Met Erbarming, o Here* (1957) deur Arthur Fula wat handel oor onskuldige swart karakters wat deur die bose stad gekorrupteer word – iets wat volgens Roos (1998: 28) in verband gebring kan word met die "Jim comes to Joburg"-troop.

'n Wending in die manier waarop die uitbeelding van die stad in veral Engelstalige Suid-Afrikaanse literatuur geanaliseer word, kom met "City forms and writing the 'now' in South Africa" (2004) deur Sarah Nuttall. Hierin argumenteer sy dat 'n literêre benadering wat gebaseer is op die "Jim comes to Joburg"-motief uitgedien is. Haar kritiek teen hierdie diskoers berus op 'n breër kritiek van die negatiewe manier waarop Afrika-stede gewoonlik deur akademici gekonsepsualiseer word. Dit sluit dus aan by die geograaf Jennifer Robinson (2006) se werk oor hoe Afrika- en ander sogenaamde "ontwikkelende" stede oor die algemeen deur akademici gemeet word teen 'n geïdealiseerde model van Westerse stede.

[2] Byvoorbeeld deur Clarkson (2005: 454), Kruger (2005: 78), McNulty (2005: 93), Hunt (2006: 113, 114), Samuelson (2007: 251), Abramson (2009: 46), O'Shaughnessy (2008: 50, 51 en 2010: 8), Graham (2011: 116), Rafapa en Mahori (2011: 159, 160), Dannenberg (2012: 39, 40), Titlestad (2012: 682), Frenkel (2013: 32) en West-Pavlov (2014: 10).

Na aanleiding van Simone en Robinson se bydraes tot *blank_ Architecture, apartheid and after* (1998) sien Nuttall (2004: 741) veral potensiële analitiese gereedskap vir die interpretasie van die uitbeelding van die stad in die Suid-Afrikaanse literatuur in die teorieë van Michel de Certeau en Walter Benjamin. Wat De Certeau se werk oor die stad betref, is die invloedrykste artikel "Walking in the city" uit *The Practice of Everyday Life* (die Engelse vertaling van sy boek *L'invention du quotidien. Vol. 1, Arts de faire* [1980]). Hierin ondersoek De Certeau die maniere waarop die beweging van die individu in die stad bepaal word deur die struktuur van die stad, maar ook hoe hy[3] ’n mate van vryheid het in hoe hy kies om hierdie beperkings te hanteer. Die beskrywing van die stapper in die stad vorm deel van De Certeau se groter projek, naamlik die ondersoek na maniere waarop subjekte in ’n sisteem nooit heeltemal deur die sisteem gedetermineer kan word nie, maar altyd ’n mate van vryheid het (Buchanan 2004: 98).

Die plaaslike Engelstalige literêr-akademiese diskoers[4] leen die konsep van die flaneur veral by Walter Benjamin. Hy gebruik die term in sy teoretisering oor die werk van Baudelaire. Die flaneur is iemand wat in die stad wandel; hy doen dit nie ter wille van oefening nie en hy is ook nie ’n hawelose wat genoodsaak is om deur die strate van ’n stad te beweeg nie. Die flaneur is ’n skrywer wat na die strate gaan om waarnemings te maak, inspirasie vir skryfwerk te kry en ’n mark vir dié skryfwerk te vind (Benjamin 1997: 34, 35). Literêre produksie kan volgens Benjamin nie buite kapitalisme staan nie en die flaneurskrywer is onderhewig aan die mark (Leslie 2000: 185).

Nuttall se gebruik van De Certeau en Benjamin is veral gefokus op die uitbeelding van die beweging van individue in die stad. Sy verwys na Robinson se analise van *Ways of Dying* (1995) deur Zakes Mda in "(Im)mobilizing space – dreaming of change" (1998) waarin daar geargumenteer word dat kulturele kritici moet fokus op bewegings in die stad. Robinson (1998: 163) voer aan dat grense in selfs die mees onderdrukkende ruimtes (soos die

---

[3] De Certeau gebruik slegs die manlike voornaamwoord.

[4] Daar is slegs enkele Afrikaanstalige literatore wat gebruik maak van Benjamin se werk. In David (2012: 197) se resensie van Andries Bezuidenhout se *Toeris in Hillbrow: Rubrieke* (2010) noem hy dat Bezuidenhout se perspektief in die bundel dié van ’n flaneur is. Van Vuuren (2014) fokus nie op die konsep van die flaneur nie, maar bespreek die intertekstuele verwysings na Benjamin (2003) se Das *Passagen-werk* (in Engels vertaal as *The Arcades Project*) in *Memorandum* (2006) deur Marlene van Niekerk. Sy voer ook aan dat die twee tekste ’n soortgelyke struktuur het (Van Vuuren 2014: 515).

apartheidstad) deurbreek word en dat dit as inspirasie kan dien vir die individue wat onderdrukkende sisteme wil ondermyn. In "Writing the world from an African perspective" beweer Mbembe en Nuttall (2004: 361) dat baie van die kritici wat met De Certeau en Benjamin se teorieë werk nie genoeg aandag gee aan die maniere waarop beweging beheer en beperk word nie. In "City forms and writing the 'now' in South Africa" voer Nuttall (2004: 740) aan dat kulturele kritici eerder moet fokus op bewegings as op grense. Sy voer aan dat:

> it is precisely within a culture of surveillance, or difference, and its legacy, that highly-charged border crossings are likely to occur, that people will find ways of walking, unsurveyed. The city, even where it is a space of segmentation or regimentation, is also a space of creolisation. (Nuttall 2004: 784)

Vir Nuttall (2004: 735) dui die woord kreolisering op 'n gewelddadige proses. Sy noem byvoorbeeld dat die konsep ontwikkel is uit die bestudering van Amerikaanse slawerny (734). Tog sluit Nuttall (733) aan by Zimitri Erasmus se definisie van die term: "cultural creativity under conditions of marginality". Dit is vanuit hierdie perspektief wat die oorsteek en deurbreking van grense gesien kan word as kreatief, ondermynend en bemagtigend – soos in studies deur onder meer Helgesson (2006: 28-29), Hlongwane (2006: 73), O'Shaughnessy (2008), Ngara (2009: 23), Snyman (2010: 66), Penfold (2012: 998), Dickson (2014: 69) en Manià (2014: 15).[5] Clingman (2013: 242, 243) gaan so ver as om te stel dat die betekenisgenererende deurbreking van grense dié onderwerp van Suid-Afrikaanse fiksie is.

Bogenoemde kritici se belangstelling in beweging en die maniere waarop dit verband hou met subjektiwiteit spruit waarskynlik uit die feit dat Suid-Afrikaners se beweging in die stad vroeër

[5] Weereens is hierdie tendens veel minder prominent in die Afrikaanstalige literêre teorie. Verskeie Afrikaanstalige literatore ondersoek ook die literêre uitbeelding van grense en grensdeurbreking, maar die fokus is veral op grense en grensdeurbreking in landelike ruimtes, eerder as stede. Daar kan byvoorbeeld verwys word na die werk gedoen deur die Grensprojek-navorsingseenheid van die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit (Viljoen 2013: xvi). Heelwat van die artikels versamel in *Storyscapes* (2004) en *Beyond the Threshold* (2007) onder redaksie van Hein Viljoen en Chris van der Merwe, en *Crossing Borders, Dissolving Boundaries* (2013) onder redaksie van Hein Viljoen, is geskryf deur navorsers betrokke by bogenoemde navorsingseenheid. Die artikels is geskryf in Engels, maar is hoofsaaklik deur Afrikaanstalige literatore en handel hoofsaaklik oor Afrikaanstalige literatuur. Hierdie studies fokus nie spesifiek op die uitbeelding van stedelike ruimtes nie en sluit dus nie noodwendig direk aan by Nuttall se artikel of die werk van Benjamin en De Certeau nie.

deur apartheidwetgewing beperk is (sien McNulty 2005: 2; Nuttall & Mbembe 2007: 282; Myambo 2010: 100; Jones 2011: 379; Manià 2014: 238). Sean O'Toole (2014: 27) vang dit goed vas: "this is Cape Town, where once flaneuring was tantamount to loitering". Dit is dus duidelik waarom kritici kies om op die beweging van karakters te fokus en waarom hulle hierdie beweging as bemagtigend sien, maar in die volgende afdeling word *Werfsonde* gebruik om te toon dat die beweging van stedelinge in die Suid-Afrikaanse konteks beïnvloed word deur 'n verskeidenheid faktore, en soms dui op die voortdurende invloed van onderdrukkende sisteme in die postapartheid stad, eerder as op agentskap.

**Die beweging en bewoning van *Werfsonde* se verteller**

In *Strange Encounters* (2000) kritiseer Sarah Ahmed internasionale weergawes van bogenoemde diskoers, waarin beweging as bevrydend gekonsepsualiseer word. Sy beweer dat konsepte soos die Ander, die vreemdeling, hibriditeit en wording – wat soms binne poststrukturalistiese teorieë verheerlik word – gebaseer is op die voortdurende (en versteekte) belang van grense en strukture wat sosiale hiërargieë in plek hou (Ahmed 2000: 4, 13). Die Ander of vreemdeling kan immers net geïdentifiseer word vanuit die huis, as dié wat nie daar tuishoort nie (21, 22): "Such a recognition of those who are out of place allows both the demarcation and enforcement of the boundaries of 'this place', as where we dwell".

In konserwatiewe diskoerse word die Ander gewoonlik gesien as 'n bedreiging en die huis dus as per definisie veilig en waardevol (32). Verder geskied die bevoorregting van liggame in 'n sekere sisteem ook deur voorkeur met betrekking tot ruimtes. In Suid-Afrika se geskiedenis het dit 'n baie duidelike en amptelike vorm aangeneem, met wit mense wat tydens apartheid die mees gunstige areas toegeken is, terwyl swart mense geplaas is in onvrugbare "tuislande" en townships geleë langs byvoorbeeld rioolwerke (Hart 1984: 52; Steenkamp 2012: 191).

Die hedendaagse herwaardering van die vreemdeling (veral in die geestes- en sosiale wetenskappe) probeer om hierdie tipe denke en sosiale verskynsels uit te daag. Ahmed (2000: 53) voer egter aan dat hierdie herwaardering gedoen word deur subjekte wat altyd alreeds tuis is. Só lyk *Werfsonde* soos 'n afwys van tradisionele Afrikanerwaardes en 'n omarming van alles wat die Ander is, maar berus dit op die vermoë van die wit Afrikanerman om enige plek

sy tuiste te maak. Soos Ahmed (2000: 53) beweer: "In some sense, the domain of the white masculine subject is established by the equation of his body with home as such: his body transcends itself to become simply where he lives".

Die verteller van *Werfsonde* se bewerings dat hy "'n verworde Europeër of 'n baster-Afrikaan" (69)[6] is, moet dan ook gelees word as 'n fantasie wat verband hou met die volgende stelling van Ahmed:

> Such a narrative of becoming the stranger or "going native" offers itself as a rewriting of a history: it deals with the shame of the colonial past by the very fantasy that getting closer to strangers can allow the "white man" to live for and as the native. […] Not only do such multicultural fantasies of becoming involve releasing the Western subject from responsibility for the past, but they also confirm his agency, his ability to be transformed by the proximity of strangers[.] (2000: 124, 125)

Die vermoë van *Werfsonde* se verteller om homself te omring met die Ander berus dus op kulturele kapitaal en klasvoorregte (vergelyk Ahmed 2000: 133). Soos Ahmed (2000: 80) beweer, is dit maklik om alle vorme van migrasie, insluitend intellektuele migrasie, as soortgelyk te sien en te verheerlik wanneer jy self orals tuis is. Dit is wat volgens haar gebeur in Iain Chambers se *Migrancy, Culture and Identity* (1994). Hierdie tipe denke berus ook op die liberale narratief van 'n subjek wat outonoom en vry is om te kies, al is die tipe subjektiwiteit wat hy of sy kies in kontras met klassieke liberale ideale (Ahmed 2000: 83). Die subjek wat kies om 'n hawelose te wees, is 'n bevoorregte subjek. Ahmed (83) beweer dat dit selfs waar is van die subjek wat nomadiese denke verheerlik (sy verwys hier na Rosi Braidotti), dat hulle tuisloosheid kan kies omdat hulle alreeds bevoorreg genoeg is om orals tuis te wees (kyk ook Glissant 1997: 19).

---

[6] In hierdie artikel verwys bladsynommers sonder verder uitleg na Kleinboer. 2012. *Werfsonde*. Kaapstad: Umuzi.

Peter Sloterdijk (2012: 41) voer op ’n soortgelyke manier aan dat die hedendaagse fokus op beweging gebalanseer moet word met aandag aan “autochthony”, dit wil sê die tuiste of gemeenskap wat as beginpunt dien en waaruit beweging plaasvind. Sloterdijk beweer dat dit gedoen kan word deur middel van verwysing na die (afgeskeepte) ruimtelike aspek van Heidegger se denke. Tradisioneel geniet Heidegger se teoretisering oor tyd meer aandag, maar ruimte speel ’n sentrale rol in sy werk. “Dasein”, sy woord vir bestaan, kan immers vertaal word as “daar wees” en is dus in essensie ruimtelik. Menslike bestaan word ook, volgens hom, gekarakteriseer deur bewoning en bou (Heidegger 1993: 347). Ons bou nie net sodat ons kan bewoon nie: om te bou is alreeds ’n vorm van bewoning (348).

Heidegger (358) beklemtoon dat ons die mens en ruimte nie moet sien as onafhanklike entiteite nie: ruimte en mens skep en vervorm mekaar; ’n mens kan nie apart van ruimte en sy of haar bou- en bewoonaksies beskou word nie. Heidegger beskou ook nie die mens as ’n outonome individu wat enige doelwit kan nastreef nie; die mens se projekte word beperk deur die faktisiteit van die reeds-bestaande wêreld (Marais 2008: 28). Volgens hierdie benadering kan die individu in die stad nie heeltemal vry wees om rond te beweeg en betekenis te skep nie. Hy of sy is eerder gewerp in ’n beperkte, reeds-bestaande wêreld waarin daar nie vaste, deterministiese of essensialistiese betekenis is nie. Sy of haar projek is om, gegewe hierdie wêreld, betekenis te skep deur middel van bou en bewoning. Heidegger verwys hier nie net na die individu se letterlike huis nie, maar na al die maniere waarop die mens in die wêreld bestaan (Marais 2008: 29). Ek wil egter aanvoer dat die letterlike tuiste wat in *Werfsonde* uitgebeeld word, gelees kan word as manifestasies van die verteller se eksistensiële projek en dat dit sodoende vir die leser inligting verskaf oor die karakter se gesitueerdheid en dus (na aanleiding van Sloterdijk se bogenoemde argument) sy vermoë om te beweeg.

Die leser van *Werfsonde* word ingelig dat die verteller van die roman sy huis besit (97). Hy het wortel geskiet op sy werf, ook letterlik wat sy tuinmakery betref (51, 52, 90, 174, 177, 186, 210, 212). Hy beskou homself as permanent in Yeoville gevestig: “I’m going nowhere. I bought this house.” (97) Dit is in kontras met die meerderheid van Johannesburg se middestad se inwoners, wat net tydelik daar vertoef (Everatt 2014: 70, 71; Dinath 2014: 232; Winkler 2014:

487). In teenstelling met hierdie ander inwoners, wat dikwels gedryf is tot die middestad op soek na werk of ter wille van goedkoop verblyf, het die verteller gekies om hier te bly.

In onderhoude beklemtoon Kleinboer dat hy kies om in Yeoville te woon, eerder as in ’n “tronkhuisie [...]”, “in die grys skemerlig van wit voorstede, waar alle mans by dieselfde kroeë drink, naweekgholf speel, spog oor hoe hulle saam met hulle twintigjarige kleingatsekretaresses slaap en dan Sondagmôres kerk toe gaan om hulleself te prys” (Kleinboer, in gesprek met Malan & Taylor 2005: 50). Kleinboer (en by implikasie ook *Werfsonde* se outobiografiese verteller) se keuse om in Yeoville te bly, hou moontlik verband met Ahmed se argument dat bevoorregte subjekte enige plek hulle tuistes kan maak. Dit is moontlik weens hierdie gevestigheid (Sloterdijk se “autochthony”) dat die verteller van *Werfsonde* moeiteloos kan reis vanaf sy swart woonbuurt na grootliks wit ruimtes in Johannesburg, byvoorbeeld sy werkplek in Craighallpark (17) en kuierplekke in Melville (73, 99, 111, 144, 214, 217), asook na wit ruimtes in ander stede, byvoorbeeld Potchefstroom (172, 200), Bloemfontein (189) en Witbank (163). Hierdie moeiteloosheid kan ook toegeskryf word aan die feit dat hy ’n motor besit, wat só deel vorm van sy agentskap dat dit amper deel van sy liggaam is: “Ek en die kar ‘voel’ die straat” (146, 147). ’n Prominente soort stedelike reis in *Werfsonde* is die verteller se besoeke aan prostitute. Hy, as wit kliënt, ry met sy kar tussen statiese prostitute wat wag om soos produkte gebruik te word.

Die beweging van die verteller kan uiteindelik, in kontras met die onbeweeglikheid van die prostitute en van die verteller se vrou, Lungi (kyk 18 en 64), gesien word as ’n teken van sy agentskap. Dit is egter nie, soos wat dikwels in genoemde akademiese diskoerse voorgehou word, iets om te vier nie. Eerder as wat dit dui op die bemagtigende aksies wat magtelose mense kan uitvoer deur beweging, dui dit daarop dat die vermoë om deur postapartheidstede beweeg steeds beïnvloed word deur identiteitsmerkers soos geslag, ras en klas. Die verteller se keuse om deur ruimtes te beweeg wat deur die meeste ander wit mense in Johannesburg vermy word, is ook nie noodwendig ondermynend nie, maar dui op sy bevoorregte posisie wat hom toelaat om te beweeg waar hy wil. In die volgende afdeling word geargumenteer dat hierdie keuse politieke waarde het – nie omdat die verteller bevry is van identiteitsmerkers en vir homself ’n nuwe identiteit as “baster-Afrikaan” kan kies nie, maar

omdat sy hoedanigheid as flaneur toelaat dat hy en *Werfsonde* as teks gemerk word deur spesifieke ruimtes en sosiale sisteme.

**_Werfsonde_ as flaneurteks**

Vervolgens wil ek aanvoer dat die maniere waarop *Werfsonde* gemerk word, beteken dat dit gelees kan word in terme van Benjamin se teoretisering oor die flaneur. Alhoewel dit waar is dat *Werfsonde*, soos Van Coller (2013: 193) impliseer, nie stilisties gesproke veel ooreenstem met ’n prototipiese flaneurteks soos Baudelaire se *Les fleurs du mal* (1857) nie, toon dit wel verskeie oreenkomste met Baudelaire se werk. Dit sou egter betekenisloos wees om bloot hierdie ooreenkomste te lys en tot die gevolgtrekking te kom dat die teks binne die genre van die flaneurteks val. Eweneens is dit vereenvoudigend om die verteller se flaneurskap bloot as ’n teken van sy agentskap te lees. In hierdie afdeling word die ooreenkomste ondersoek om vas te stel of hulle dieselfde politieke rol vervul in *Werfsonde* as in die werk van Baudelaire (soos beweer deur Benjamin).

Die mees voor die hand liggende ooreenkoms is dat *Werfsonde*, nes die werk van Baudelaire, ’n outobiografiese teks is wat handel oor ’n stedeling se lewe in en beweging deur die stad. Wat die outobiografiese eienskappe van *Werfsonde* betref erken die verteller dat die “skild” van fiksie “dun” en “deursigtig” (96) is wat sy eerste roman, *Kontrei*, betref. Soos bespreek konseptualiseer hedendaagse Suid-Afrikaanse literatore die flaneur hoofsaaklik as ’n outonome individu wat agentskap uitoefen deur deur die stad te beweeg en dit soos ’n teks te lees. Benjamin sien egter nie die flaneur as iemand wat onafhanklik deur die stad beweeg, dit interpreteer en verander deur daaroor te skryf nie. Soos die prostituut (Leslie 2000: 106), is die flaneur eerder verteenwoordigend van elke individu se posisie binne kapitalisme: waarnemer, verbruiker, produsent én produk (104).

Baudelaire se poësie is nie van waarde omdat hy homself kan distansieer van die stad en die breë samelewing en dit kan verstaan en diagnoseer nie (Benjamin 1997: 104; Jennings 2006: 2). Die politieke waarde van sy werk lê eerder daarin dat hy verteenwoordigend is van sy situasie en *Les fleurs du mal* gesien kan word as ’n simptoom daarvan (Jennings 2006: 1-2). Dit is nie die agentskap wat in ’n flaneurteks getoon word wat dit polities betekenisvol maak

nie, maar eerder dat dit tekens van gedetermineerdheid toon. Deur die fokus op die banale besonderhede van sy alledaagse lewe (Leslie 2000: 185) laat Baudelaire, volgens Benjamin, sy werk toe om gemerk te word deur die "ruptures and aporias of modern life" om sodoende die "brokenness and falseness of modern experience" te ontbloot (Jennings 2006: 14). Soos reeds genoem, is *Werfsonde* ook gemoeid met die "monotone" (Van Coller 2013: 193), die "kleinste, byna irrelevante detail" (Kombuis 2012: 13) van die alledaagse lewe; nes *Kontrei* is dit 'n "meedoënlose relaas van alles wat net aangaan" (Smit 2004: 9).

Die maniere waarop 'n sisteem 'n individu merk, word getematiseer in Kafka se kortverhaal "In der strafkolonie" (1919), waarna daar implisiet verwys word in *Werfsonde* deur middel van 'n aanhaling uit Kafka se dagboek: "Amper onmoontlik om te slaap; geteister deur drome, asof hulle op my uitgekrap word, op 'n hardnekkige materiaal" (153). Op 'n oppervlakkige manier kan die verteller van *Werfsonde* met Kafka identifiseer omdat hy ook sukkel om te slaap, maar hier word aangevoer dat sy teks, soos Baudelaire s'n (in Benjamin se interpretasie), toon hoe hy gemerk word deur sy situasie en die fantasmagoriese drome van kapitalisme wat op hom "uitgekrap" word.

Benjamin, beïnvloed deur Georg Simmel se werk, voer aan dat die moderne stedelike ervaring gekenmerk word deur twee uiterstes wat mekaar wedersyds veroorsaak en beïnvloed: afgestomptheid en skok (Leslie 2000: 183). Die oorvloedige sensasies van die stad word deur die individu ervaar as 'n skok (Benjamin 1997: 132) en mettertyd ontwikkel hy as beskermings-meganisme 'n blasé, afgestompte houding (Benjamin 1997: 151; Leslie 2000: 183). Gevolglik ontvorm die moderne stedelike bestaan die individu tot

> an automaton – or machine appendage – […]: displaying simultaneously an alertness (a preparedness to perform) and a numbness (an emotional disinvestment). Living bodies have been transformed historically into deadly armatures, scaffolds, machines for works. (Leslie 2000: 83)

Benjamin (2003: 419) voer aan dat wanneer die flaneur deur die strate wandel hy in 'n tipe (hasjij-agtige [Benjamin 2003: 423]) fantasmagoriese beswyming ingaan wat hom vatbaar maak vir hierdie skokke. Hierdie beswyming is kapitalisties van aard, dit behels 'n bedwelming

deur die skoonheid van winkelvensters en, soos vervolgens bespreek sal word, ’n tipe identifikasie met verbruikersvoorwerpe, ’n opname in die verbruiksisteem (Benjamin 1997: 59). Deur homself herhaaldelik (ter wille van literêreinspirasie) bloot te stel aan die straat se skokke, verteenwoordig die flaneur op ’n ekstreme manier die situasie van elke middelklas verbruiker in die stad (Benjamin 2003: 420). Hy word aan dieselfde skokke as alle ander verbruikers blootgestel, maar doen dit herhaaldelik en laat toe dat die skokke ook sy skryfwerk merk. Benjamin argumenteer dat dit hierdie skokke en die gevolglike afgestompte en amorele lewenshouding van die stedeling is wat deur Baudelaire se poësie verteenwoordig word.

Alhoewel dit moontlik is om Baudelaire te sien as iemand wat die bourgeoisie getransendeer het en dit van buite af kritiseer (Benjamin 1997: 170), argumenteer Benjamin dat Baudelaire in sy uitgelewerdheid juis vatbaar is vir die uiterstes van die moderne bestaan (Jennings 2006: 15). Dit is veral sigbaar in die manier waarop sy werk, en hyself as digter, opgeneem is in die kapitalistiese sisteem en die teenstrydighede van hierdie sisteem op ’n komplekse manier ontbloot (Benjamin 1997: 55; Jennings 2006: 23). Die flaneur dink miskien dat hy net na die strate gaan om geïnspireer te word, maar hy gaan eintlik ook om homself en sy werk te verkoop (Benjamin 1997: 34, 170; 2003: 446). Hierdie neiging is ook sigbaar in die manier waarop Kleinboer se persona en sy ervaring in die stad die grootste deel vorm van *Werfsonde* (asook *Kontrei*) se bemarking (2004: 6; Botha 2012; Kombuis 2012: 13).

Die ondermynende waarde van Baudelaire se werk lê volgens Benjamin (2006: 161, 165) daarin dat dit die mitologiese status van die idee van lineêre historiese vooruitgang ontbloot en sodoende die strukture van kapitalisme toon (Benjamin 2006: 135). Die skok-oomblik waarin die ware aard van die huidige situasie (wat normaalweg verhul is in die kapitalistiese fantasmagoriese slaap waarin die individu hom- of haarself bevind [Ferris 2008: 116]) duidelik word, noem Benjamin die dialektiese beeld (Jennings 2006: 13). Die flaneur ervaar die dialektiese beeld in die strate van die stad en die leser ervaar dit in die lees van die flaneur se werk. Dit is ook hierdie onthullende oomblikke van skok wat Benjamin in sy eie werk probeer skep deur achronologies en dekontekstualiserend te werk te gaan:

> Benjamin […] seeks to create a textual space in which a speculative, intuitive,

> and analytical intelligence can move, reading images and the relays between them in such a way that the *present* meaning of "what has been comes together in a flash". (Jennings 2006: 12, 13)

"The [fetishising, capitalist] dream world must be tricked into revealing its construction" (Ferris 2008: 119), omdat die flaneur, digter of filosoof nie buite die droomwêreld kan staan om dit van buite af te kritiseer nie. Die dialektiese beeld is immers nie iets wat die outonome outeur kan skep nie, dit kan net uit sekere situasies verrys en die outeur kan hoogstens hierdie situasies probeer skep.

Kleinboer karakteriseer homself ook, soos Baudelaire, as iemand wat buite die middelklasleefwêreld staan (Retief 2004: 1; Malan & Taylor 2005: 50). Sy kinderjare was dié van 'n gemiddelde Afrikaanse middelklas seun,[7] maar hy beweer dat hy nog altyd 'n "outsider" was en dat sy werk gedeeltelik ten doel het om die "establishment", soos verteenwoordig deur sy oorlede "Hitleragtige" pa, te skok (Retief 2004: 1). Sommige kritici sien hierdie kritiek teen tradisionele Afrikanerwaardes as die waardevolste eienskap van Kleinboer se werk. In die commendatio van die Rapport/Jan Rabie-prys word daar beweer dat die teks "'n ander moontlike manier van Afrikanerwees [bied]: as deel van 'n verstedelikte, rasgeïntegreerde samelewing in die nuwe Suid-Afrika" (*Kleinboer* 2004: 6). So ook beweer Mputhing (2007: 5) oor *Midnight Missionary* dat Kleinboer versteekte waarhede ontbloot, en Dan Roodt (aangehaal in Engelbrecht 2003: 7) dat *Kontrei* "op 'n onbevange manier kyk na die nuwe Suid-Afrika en die amorele stel waardes waarmee ons nou sit".

Smith (2004: 9) kritiseer *Kontrei* egter en sê dat alhoewel Kleinboer "'n fyn aanvoeling vir atmosfeer en dialoog" het, hy nie sy werk met "implikasies kán laai nie". Hy voeg wel by: "En tóg oortuig *Kontrei* jou dat jy juis in 'n kroeg of bordeel iemand sal raakloop wat jou iets betekenisvol oor die lewe in Suid-Afrika sal vertel". Hy impliseer dus dat die insigte wat *Kontrei* bied nie aan Kleinboer toegeskryf kan word nie, maar bykans per toeval voorkom. Kombuis (2012: 13) bevraagteken Kleinboer se rebelse openbare beeld wanneer hy sê dat

[7] Kyk die verteller se beskrywing van sy jeug op bladsye 14-15, 20, 26-27, 81-82, 92-94, 104-105, 166-167, 179 en 181-183.

"die skrywer eintlik maar net die spieël op[hou] sodat ons ons eie skynheiligheid en voorspelbaarheid kan herken vir wat dit is". Hy beweer dat *Werfsonde* 'n permutasie van die plaasroman is, met Kleinboer wat daarin figureer as 'n variant van die tradisionele Calvinis en patriarg (Kombuis 2012: 13). Alhoewel dit nie hulle eksplisiete bedoeling is nie, ondersteun Smith en Kombuis se uitsprake die vermoede dat Kleinboer, soos Baudelaire, nie geprys moet word vir sy politieke insigte of didaktiese boodskap nie, maar dat die waarde van sy werk daarin lê dat hy die uiterstes en teenstrydighede van die hedendaagse wit middelklas Johannesburgse lewe verteenwoordig en vir die leser teenwoordig maak op maniere wat verwant is aan Benjamin se konsep van die dialektiese beeld. Hierdie uiterstes en teenstrydighede het verskeie politieke implikasies; in die volgende afdeling word daar egter slegs op een aspek, naamlik geslagtelikheid, gefokus.

**Geslagtelikheid in *Werfsonde***

Vervolgens word een van die belangrikste dialektiese beelde in die flaneurtradisie én in *Werfsonde* bespreek, naamlik dié van die vroulike prostituut. Die uitbeelding van vroulike prostitute in flaneurtekste sluit aan by die tradisionele uitbeelding van vroue in stedelike literatuur in die algemeen, wat berus op 'n onderskeid tussen die private en die openbare. Die private huishoudelike ruimte word tradisioneel hoofsaaklik geassosieer met die vrou en die openbare stedelike ruimte met die man (Bridge 2005: 15). In hierdie konseptualisering is die man 'n wandelende intellek, verwyder van die liggaamlike en emosionele en die vrou staties in die "home of nurturing bodies". Elizabeth Wilson (1991: 8) argumenteer dat in só 'n wêreldvisie die stedelike vrou net 'n prostituut kan wees: 'n openbare liggaam.

Die verteller van *Werfsonde* maak duidelik dat hy bewus is dat die flaneurtradisie gepaard gaan met spesifieke geslagrolle en vorme van seks:

> Flaneur het meer met oë te doen en rondfok met voël, alhoewel die drie (twee oë en voël) nie onderling uitgesluit kan word nie, inderwaarheid 'n driehoek vorm. En die oë is die brein se ballas. En arms is vir tik wat bene vir rondloop is. (183)

Dit is nie net by Kleinboer se flaneurskap wat seks verband hou met waarneem, wandel en skryf nie, die verhoudings tussen hierdie aksies is ’n inherente deel van die flaneurtradisie. Benjamin (2006: 166) beskryf immers die verhouding tussen stede en prostitusie as die groot tema van Baudelaire se poësie. Volgens Benjamin (1997: 171) kan die prostituut as ’n vroulike weergawe van die flaneur beskou word. Nes hy, is sy wandelaar, waarnemer, verkoper en produk in een. Die prostituut is dus ook een van die belangrikste dialektiese figure in die flaneur se skryfwerk, omdat hy deur middel van die uitbeelding van die “hoer” die kommodifisering van menslike verhoudings binne kapitalisme sigbaar maak (Benjamin 2006: 148). Baumeister en Vohs (2004: 339, 347) beweer dat dit steeds vandag waar is dat prostitusie slegs ’n openlike verteenwoordiging is van hoe heteroseksuele verhoudings in die algemeen werk:

> A heterosexual community can be analyzed as a marketplace in which men seek to acquire sex from women by offering other resources in exchange. Societies will therefore define gender roles as if women are sellers and men buyers of sex.

Benjamin (2006: 148) argumenteer, met betrekking tot sy eie era sowel as Baudelaire s’n, dat dit nie net waar is van seksuele verhoudings nie, maar dat mense se lewens en ervarings in die algemeen die vorm van ekonomiese transaksies aanneem. In *Werfsonde* word prostitusie implisiet met ander kapitalistiese aktiwiteite vergelyk: “In ’n kroeg in Berea ontmoet ek donker Happiness. Sy skryf haar adres vir my neer: *65 Augusta Road, Regents Park*. Dis oorkant ’n bakkery, sê sy. [...] Beslis ’n besoek werd. Ek sal by die bakkery ook inloer.” (43)

In *Werfsonde* is dit duidelik dat die verteller se vrou, Lungi, voel dat sy nie voldoende vergoed word vir die seks en huiswerk wat sy vir hom bied nie: “I don’t know why I’m still staying in this rubbish house. I’m wasting my time. And I don’t have money or a car. [...] Oh, a new computer. I want a computer at home” (18, 19). Hy is egter ook nie tevrede met haar huiswerk nie: “Sy was die skottelgoed, mop die kombuisvloer, vee die sitkamermat skoon en rangskik die doilies, kook kos. Maar dan loop sy weer sjebien toe” (11 – sien ook bladsye 165, 188, 219, 222). Die verteller moet haar soms ook smeek om hierdie take te verrig (19).

Die kommodifisering van mense beteken dat die individu ander mense nie as volwaardige subjekte sien nie, maar net as voorwerpe en in terme van die nut wat hulle vir hom het. In "Visual Pleasure and Narrative Cinema" (1975) verken Laura Mulvey (2004: 841) hoe dit, wat geslagsrolle betref, in die kapitalistiese patriargale samelewing veroorsaak dat die man se rol dié van subjektiewe waarnemer is, terwyl die vrou se rol dié van voorwerp waarna daar gekyk word, is. Dit is die verhouding wat Anton Kannemeyer uitbeeld op *Werfsonde* se voorblad: ’n Wit man wat kyk vir die liggaam van ’n swart vrou. Op bladsy 61 spot die verteller vir NP van Wyk Louw oor die versreël "Lang motors kom en stil-lê soos hoere" en sê: "Stil lê? Stíl? Sodat die digter eenkant kan sit en die hoer betrag? [...] Sover ek weet, is daar bewéging waar hoere betrokke is". Op die voorblad word hy egter geplaas in die posisie van die (wit) skrywer wat die (swart) hoer betrag en word dit verteenwoordigend van sy rol in die teks. Die leser sien immers slegs deur sy oë die prostitute wat sy lewe vul.

Kleinboer word daarvan beskuldig dat hy vroue objektiveer. Visagie (2005: 239) verwys byvoorbeeld na die beperkte karakterisering van die prostitute in *Kontrei*, wat draai om hulle kamernommers, "hulle voorkoms, hulle verskillende seksuele tegnieke, en die voorwerpe wat in hulle bordeelkamers voorkom". Wanneer Retief (2004: 1) vir Kleinboer in ’n onderhoud van die objektivering van vroue beskuldig, beweer hy: "Nee, want daar is wármte. Lag en spontane humor tussen my en hulle. Nee, ek sien hulle nie as objekte nie." Kleinboer (123) gun wel die prostitute in *Werfsonde* ’n mate van agentskap en lewens buiten hulle nut vir die hoofkarakter en hulle ander kliënte wanneer hy byvoorbeeld uitbeeld hoe hulle in tale praat wat hulle wit kliënte nie ken nie, of met dié kliënte spot. Die mate waarin hierdie agentskap dui op daadwerklike mag is egter beperk. Kleinboer (in gesprek met Retief 2004: 1) erken byvoorbeeld dat hy dit geniet "dat [prostitute] nie ná seks kan sê gaan sny die gras in die agterplaas nie". Die verteller in *Werfsonde* spog ook dat hy nog nooit vir ’n "hoer" "brekfis" gemaak het nie (228).

Deur middel van hierdie verwysings na die stereotipies manlike voorstedelike taak van grassny, kontrasteer hy sy verhoudings met prostitute met hegemoniese middelklas heteroseksuele verhoudings, maar wys hy ook op die maniere waarop dit daarmee ooreenstem. Baudelaire skryf ook oor seks met prostitute as ’n manier om teen middelklas

waardes te rebelleer, maar as flaneur verteenwoordig hy, volgens Benjamin, uiteindelik juis die uiterstes van hierdie waardes.

Schoeman (2010: 48) voer aan dat die uitbeelding van seks in *Kontrei* gesien moet word as 'n verwerping van die "uitgediende waardes van Afrikaanse maskuliniteit", soos verteenwoordig deur die uitbeelding van die "vader, broodwinner, boer, jagter, kryger en outoriteitsfiguur" in die tradisionele plaasroman (Schoeman 2010: 34, 35). Daar is veral 'n opstand teen die "vader as simbool van die apartheidstelsel" (Schoeman 2010: 36). Ek sou aanvoer dat dieselfde waar is van die verteller van *Werfsonde*. Hy impliseer eksplisiet dat sy rebellie teen sekere eienskappe van hegemoniese manlikheid teruggevoer kan word na sy verhouding met sy vader, wanneer hy sê: "My weersin in nutswerk kom ook deels van die baie ure wat ek destyds langs my pa moes staan en kyk hoe hy dinge regmaak en kort-kort moes hardloop om nog 'n stuk gereedskap te gaan haal as hy blaf" (23). Schoeman (2010: 53) beweer dat die verteller van *Kontrei* se rebellie paradoksaal is: "seks met swart vrouens – as die historiese "ander" – [is] vir die verteller 'n bevryding van die taboes van sy Afrikanerverlede [...], maar terselfdertyd erken hy dat hy aan seks met swart vrouens verslaaf is" en is hy afhanklik van "die bepalende en bevestigende blik van die prostitute (en alle vroue) om sy mag as man te behou".

Al rebelleer hy naamlik teen sekere vorme van manlikheid, doen hy steeds moeite om ander merkers van hegemoniese manlikheid, soos "geweld, militarisme, patriargie, hoërisikogedrag en seksualiteit" (Schoeman 2010: 4), te vertoon (Schoeman 2010: 48, 54). Soos ander Afrikanermans hou die verteller van rugby (79) en laat dit hom voel soos 'n "goedaardige patriarg" wanneer hy gebraaide vleis die kombuis indra (48). Hy probeer ook 'n pa wees vir Lungi se seun, Jomo. Hy doen dit deur te sorg vir die konvensionele vaderlike take soos dissiplinering (15, 126). Hy is ook die broodwinner van die gesin (140). Schoeman (2010: 50) beweer dat die verteller van *Kontrei* se oordrewe seksualiteit en die herhalende bordeelbesoeke, wat volgens Schoeman later vir die leser eentonig en banaal raak, beteken dat hy 'n parodie van manlikheid is. So ook sien hy die verteller se gebruik van geweld as parodiërend (Schoeman 2010: 58). Die feit dat die verteller van *Werfsonde* met 'n rewolwer onder die bed slaap sodat hy sy huis en gesin kan beskerm ingeval "daar moeilikheid

kom” (9, 39, 95), is ’n herkenbare eienskap van hegemoniese Afrikaner manlikheid. Dit kom egter wel as parodie voor wanneer die verteller fantaseer dat hy ’n “jagtersvriend” het wat hom kom help om oorlog te voer teen die keffende honde in sy buurt wat hom in die nag wakker hou (49).

In hierdie gedeeltes voer die verteller hegemoniese manlike ideale tot by hulle absurde uiterstes. Weereens word hy verteenwoordigend van ’n aspek van wit middelklas identiteit en lê die politieke waarde van *Werfsonde* in die maniere waarop dit, soos Baudelaire se poësie (kyk Jennings 2006: 1), die strukture en meganismes van die flaneur se samelewing ontbloot.

**Samevatting**

My artikel oor *Werfsonde* se verteller as ’n flaneur laat verskeie interpretasiemoontlikhede toe. Die verteller van die roman maak verskeie antibourgeois uitsprake en kan beskou word as ’n rebel teen “Afrikanerwaardes”. Terselfdertyd behels die seks met swart prostitute (en Kleinboer se uitbeelding daarvan) problematiese magsverhoudings en kan dit op ’n soortgelyke manier as in Baudelaire se werk beskou word as ’n uiterste voorbeeld van die kommodifisering van menslike interaksies binne kapitalisme. Só ook kan die verteller se keuse om in “swart” Yeoville te woon, gesien word as ’n reaksie teen die tendens van sommige wit middelklas mense wat hulself afsonder in spesifieke (hoofsaaklik wit) woonbuurte. Aan die ander kant is die verteller vry om hierdie keuse te maak danksy sy bevoorregte middelklas posisie. Enersyds verwerp hy die samelewing se verwagtings van hom as wit man, maar andersyds voer hy sekere manlike ideale tot absurde uiterstes, soos wanneer hy “oorlog voer” teen sy buurt se keffende honde.

Soos die flaneurteks deur Benjamin beskryf, ontbloot *Werfsonde* verskeie teenstrydighede en is dit van politieke belang omdat dit aspekte wat normaalweg in die alledaagse lewe in Johannesburg verhul is (soos die kommodifisering van mense se lewens en die voortdurende invloed van kategorieë soos ras, klas en geslag) ontbloot.

Hierdie beskouing dien ook om die literêre benadering waarvolgens die bewegings van karakters as bemagtigend gelees word te nuanseer. Alhoewel karakters se bewegings wel kan

dui op die keuses wat hulle uitoefen en die maniere waarop hulle binne sosiale strukture en materiële omgewings ʼn mate van agentskap het, moet die beperkings op hierdie bewegings en agentskap nie geïgnoreer word nie. Die verteller van *Werfsonde* se bewegings (en die swart vroulike karakters se onbeweeglikheid) word beïnvloed deur ʼn verskeidenheid faktore. Soos wat Benjamin oor Baudelaire beweer, lê die politieke waarde van Kleinboer se werk in die maniere waarop hy (deur middel van sy eerlikheid en die maniere waarop hy homself blootstel om deur die stad gemerk te word) hierdie faktore sigbaar maak.

**Verwysings**


Abramson, Helen

2009 New Spaces, New Identities: The City in Post-Apartheid South African Fiction. Magisterverhandeling. Amsterdam: Universiteit Van Amsterdam.

Ahmed, Sara

2000 *Strange Encounters. Embodied Others in Post-Colonial*ity. Londen: Routledge.

Baines, Gary

2003 On Location: Narratives of the South African City of the Late 1940s and 1950s in Film and Literature. *South African Historical Journal* 48(1): 35-46.

Baudelaire, Charles

1985 *Les Fleurs De Mal*. Boston: David R. Godine.

Baumeister, Roy F. & Vohs, Kathleen D.

2004 Sexual Economics: Sex as Female Resource for Social Exchange in Heterosexual Interactions. *Personality and Social Psychology Review* 8(4): 339-363.

Benjamin, Walter

1997 *Charles Baudelaire*. Londen: Verso.

2003 *The Arcades Project*. Cambridge: Belknap Press.

2006 *The Writer of Modern Life. Essays on Charles Baudelaire.* Cambridge: Belknap Press.

Bezuidenhout, Andries

2010 *Toeris in Hillbrow: Rubrieke*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Botha, Jaco

2012 *Werfsonde* deur Kleinboer: Die groter geheel is in die klein detail. Aanlyn: <Http://Www.Litnet.Co.Za/Article/Werfsonde-Deur-Kleinboer-Die-Groter-Geheel-Is-In-Die-Klein-Detail>. 15 Junie 2016.

Bridge, Gary

2005 *Reason in the City of Difference. Pragmatism, Communicative Action and Contemporary Urbanism.* New York: Routledge.

Buchanan, Ian

2004 Introduction. Other People: Ethnography and Social Practice. In: Ward, Graham (ed.) *The Certeau Reader*. Malden: Blackwell, pp. 97-100.

Chambers, Iain

1994 *Migrancy, Culture and Identity*. New York: Routledge.

Clarkson, Carrol

2005 Locating Identity in Phaswane Mpe's *Welcome to our Hillbrow*. *Third World Quarterly* 26(3): 451-459.

Clingman, Stephen

2013 Looking from South Africa to the World: A Story of Identity for Our Times. *Safundi* 14(3): 235-254.

Dannenberg, Hilary

2012 Narrating the Postcolonial Metropolis in Anglophone African Fiction: Chris Abani's *Graceland* and Phaswane Mpe's *Welcome to our Hillbrow*. *Journal Of Postcolonial Writing* 48(1): 39-50.

David, Darryl

2012 Resensie van *Toeris in Hillbrow: Rubrieke* deur Andries Bezuidenhout. *Tydskrif vir Letterkunde* 49(1): 197-198.

De Certeau, Michel

1988 *The Practice of Everyday Life, Volume 1.* Oakland: University of California Press.

Dickson, Jessica

2014. Reading The (Zoo) City: The Social Realities and Science Fiction of Johannesburg. *The Johannesburg Salon* 7: 67-78.

Dinath, Yasmeen

2014 Between Fixity and Flux: Grappling with Transience and Permanence in the Inner City. In: Harrison, Philip; Gotz, Graeme; Todes, Alison & Wray, Chris (eds) *Changing Space, Changing City. Johannesburg After Apartheid*. Johannesburg: Wits University Press, pp. 232-251.

Domingo, Eddie

1955 *Okkies op die breë pad*. Johannesburg: Afrikaanse Persboekhandel.

Engelbrecht, Theunis

2003 Woeste Afrikaanse seksmalroman uit Praag-Stal. *Rapport*, 28 Desember, p. 7.

Everatt, David

2014 Poverty and Inequality in the Gauteng City-Region. In: Harrison, Philip; Gotz, Graeme; Todes, Alison & Wray, Chris (eds) *Changing Space, Changing City. Johannesburg After Apartheid*. Johannesburg: Wits University Press, pp. 63-82.

Ferris, David S.

2008 *The Cambridge Introduction to Walter Benjamin*. Cambridge: Cambridge University Press.

Frenkel, Ronit

2013 South African Literary Cartographies: A Post-Transitional Palimpsest. *Ariel* 44(1): 25-44.

Fula, Arthur

1954 *Jôhannie giet die beeld*. Johannesburg: Afrikaanse Persboekhandel.

1957 *Met erbarming, O Here*. Johannesburg: Afrikaanse Persboekhandel.

Glissant, Edouard

1997 *Poetics of Relation*. Ann Arbor: University Of Michigan Press.

Graham, Shane

2011. *South African Literature After the Truth Commission. Mapping Loss.* Scottsville: University Of Kwazulu-Natal Press.

Hart, Deborah

1984 South African Literature & Johannesburg's Black Urban Townships. Magisterverhandeling. Johannesburg: Witwatersrand University.

Heidegger, Martin

1993 *Basic Writings from "Being and Time" (1927) to "The Task of Thinking"* (1964). Londen: Routledge.

Helgesson, Stefan

2006 Johannesburg as Africa: A Postcolonial Reading of *The Exploded View* by Ivan Vladislavić. *scrutiny2* 11(2): 27-35.

Hlongwane, Gugu

2006 Reader, be Assured this Narrative is No Fiction: The City and its Discontents. In: Phaswane Mpe's *Welcome to Our Hillbrow*. *Ariel* 37(4): 69-82.

Hunt, Emma

2006 Post-Apartheid Johannesburg and Global Mobility in Nadine Gordimer's *The Pickup* and Phaswane Mpe's *Welcome to Our Hillbrow*. *Ariel* 37(4): 103-121.

Jennings, Michael William

2006 Introduction. In: Benjamin, Walter. *The Writer of Modern Life. Essays On Charles Baudelaire*. Cambridge: Belknap Press, pp. 1-26.

Jones, Megan

2011 Cars, Capital and Disorder in Ivan Vladislavić's *The Exploded View* and *Portrait With Keys*. *Social Dynamics* 37(3): 379-393.

Kafka, Franz

1995 *The Complete Stories*. New York: Schlocken.

Kannemeyer, John Christoffel

2005 *Die Afrikaanse literatuur 1652-2004*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Kleinboer

2003 *Kontrei*. Dainfern: Praag.

2006 *Midnight Missionary*. Kaapstad: Zebra Press

2012 *Werfsonde*. Kaapstad: Umuzi.

2017 *Hierdie huis*. Johannesburg: Penguin Random House.

*Kleinboer, Eerste wenner van* Rapport/*Jan Rabie-Prys*.

2004 *Rapport,* 20 Junie, p. 4.

Kombuis, Koos

2012 Besiger as ʼn Breughel-skildery. *Die Burger*, 10 Desember, p. 13.

Kruger, Loren

1997 The Drama of Country and City: Tribalization, Urbanization and Theatre under Apartheid. *Journal Of Southern African Studies* 23(4): 565-584.

2005 Genres of Johannesburg. *scrutiny2* 10(1): 78-85.

2013 *Imagining the Edgy City. Writing, Performing, and Building Johannesburg.* Oxford: Oxford University Press.

Leslie, Esther

2000 *Walter Benjamin. Overpowering Conformism*. Londen: Pluto Press.

Malan, Mia & Taylor, Darren

2005 Toer en rumoer deur Kenia. *Insig*, 6 Maart, p. 48.

Manià, Kirby

2014 On the Brink of the Mundane: Postapartheid Literary Representations of Johannesburg. In: The Work of Ivan Vladislavić. Doctoral Thesis. Johannesburg: University of the Witwatersrand.

Marais, Loftus

2008 Die huis as betekenisvolle ruimte in enkele Afrikaanse gedigte, met spesifieke verwysing na die bewoningsfilosofieë van Heidegger, Bolnow en Bachelard. Magisterverhandeling. Stellenbosch: Stellenbosch Universiteit.

Mbembe, Achille & Nuttall, Sarah

2004 Writing the World from an African Metropolis. *Public Culture* 16(3): 347-372.

Mcnulty, Niall

2005 Reading the City: Analysing Literary Space in Selected Post-Apartheid Urban Narratives. Masters Thesis. Durban: University of Kwazulu-Natal.

Mda, Zakes

1995 *Ways Of Dying*. Kaapstad: Oxford University Press South Africa.

Medalie, David

2003 The Novels of Rhona Stern. *English in Africa* 30(1): 35-54.

Mpe, Phaswane

2001 *Welcome to our Hillbrow.* Scottsville: University Of Kwazulu-Natal Press.

Mputhing, Poppie

2007 Into Joburg's Sordid Underworld, With Missionary Zeal. *The Weekender*, 8 April, p. 5.

Mulvey, Laura

2004 Visual Pleasure and Narrative Cinema. In: Braudy, Leo & Cohen, Marshall (eds) *Film Theory And Criticism*. Oxford: Oxford University Press, pp. 837-848.

Myambo, Melissa Tandiwe

2010 The Limits of Rainbow Nation Multiculturalism in South Africa: Spatial Configuration. In: Zakes Mda's *Ways Of Dying* And Jonathan Morgan's *Finding Mr. Madini*. *Research In African Literatures* 41(2): 93-120.

Ngara, Kudzayi

2009 The Itinerant Flâneur: Toloki as Migrant in Time and Ideological Space In: *Ways of Dying*. *English Academy Review: Southern African Journal of English Studies* 26(2): 16-24.

Nuttall, Sarah

2004 City Forms and Writing the "Now" in South Africa. *Journal of Southern African Studies* 30(4): 731-748.

Nuttall, Sarah & Mbembe, Achille

2007 Afropolis: From Johannesburg. *Pmla* 122(1): 281-288.

O'shaughnessy, Emma

2008 Reassessing the Inner City Of Johannesburg: An Exploration into Emerging African Urbanism and the Discovery of Black Agency in Phaswane Mpe's *Welcome To Our Hillbrow* and Kgebetli Moele's *Room 207*. Magisterverhandeling. Kaapstad: Universiteit van Kaapstad.

2010 "Splinters in the Eyes" – Reading the Metropoetics of Crisis in Post- Apartheid Johannesburg Fictions. *Postample* 5(2): 1-12.

2012 "History Lives in These Streets". Reading Place & Urban Disorder In Three Post-Apartheid Johannesburg Novels. Doctoral Thesis. Cape Town: University of Cape Town.

O'toole, Sean

2014 The Beauty of Error. *Prufrock* 2(1): 22-29.

Paton, Alan

2003 *Cry The Beloved Country*. New York: Scribner.

Penfold, Tom

2012 Public and Private Space in Contemporary South Africa: Perspectives From Post-Apartheid Literature. *Journal of Southern African Studies* 38(4): 993-1006.

Penguin Random House

2017 *Hierdie Huis*. Aanlyn: <http://Www.Penguinrandomhouse.Co.Za/Book/Hierdie-Huis/9781415207321>. 20 Julie 2017.

Petersen, Sydney Vernon

1945 *As die son ondergaan*. Port Elizabeth: Unie-Volkspers.

Rafapa, Lesibana & Mahori, Freddy

2011 Exorcising the Ghost of the Past: The Abandonment of Obsession with Apartheid in Mpe's *Welcome To Our Hillbrow*. *Tydskrif Vir Letterkunde* 48(2): 155-170.

Retief, Hanlie

2004 Breërig Boererig Baldadig. *Rapport*, 20 Junie, p. 1.

Robinson, Jennifer

1998 (Im)Mobilizing Space – Dreaming of Change. In: Judin, Hilton & Vladislavić, Ivan (eds) *Blank_ Architecture, Apartheid and After.* Kaapstad: David Philip, pp. 163-171.

2006 *Ordinary Cities. Beyond Modernity and Development*. Londen: Routledge.

Roos, Henriette

1998 Perspektief op die Afrikaanse Prosa van die twintigste eeu. In: Van Coller, Hendrik Petrus (red.) *Perspektief en Profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis. Deel 1*. Pretoria: Van Schaik, pp. 21-117.

Samuelson, Meg

2007 The City Beyond the Border: The Urban Worlds of Duiker, Mpe and Vera. *African Identities* 5(2): 247-260.

Schoeman, Mercia Nelmarie

2010 Gender en gender-identiteit van wit mans in die tekste *Kontrei* (Kleinboer) en *Om na 'n wit plafon te staar* (Jaco Kirsten). Magisterverhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Simone, Abdoumaliq

1998 Globalization and the Identity of African Urban Practices. In: Judin, Hilton & Vladislavić, Ivan (Reds) *Blank_ Architecture, Apartheid And After.* Kaapstad: David Philip, pp. 173-187.

Sloterdijk, Peter

2012 Nearness and *Da-Sein*: The Spatiality of Being and Time. *Theory, Culture and Society* 29(4/5): 36-42.

Smit, Martina

2004 Kleinboer se roer. *Beeld*, 10 Januarie, p. 9.

Smith, Francois

2004 In die nuwe betonwoud word hart in lateks gehul. *Die Burger*, 22 Maart, p. 9.

Snyman, Adalet

2010 Complex Urban Identities: An Investigation into the Everyday Lived Realities of Cities as Reflected in Selected Postmodern Texts. Magisterverhandeling. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

Stahle, Noel

2001 The Road Returning: A Post-Apartheid Perspective of Country and City in Paton's *Cry, The Beloved Country*, Abraham's *Mine Boy*, and Venter's *Swart Pelgrim*. In: Van Der Merwe, Chris (ed.) *Strangely Familiar. South African Narratives in Town and Countryside*. Parow: Contentlot, pp. 187-220.

Steenkamp, Aletta

2012 Transformation's Urban Agents – South Africa Then and Now. In: Bruyns, Gerhard & Graafland, Arie (eds) *African Perspectives – [South] Africa. City, Society, Space, Literature and Architecture.* Rotterdam: 010 Publishers, pp. 188-197.

Titlestad, Michael

2012 Writing the City After Apartheid. In: Atwell, David & Attridge, Derek (eds) *The Cambridge History of South African Literature*. Cambridge: Cambridge University Press, pp. 676-693.

Van Coller, Hendrik Petrus

2006 Die representasie van plaas, dorp en stad in die Afrikaanse prosa. *Stilet* 18(1): 90-121.

2013 Werfsonde-resensie. *Tydskrif vir letterkunde* 50(2): 193-194.

Van Vuuren, Helize

2014 *Passacaglia* van J.S. Bach en *Das Passagen-Werk* van Walter Benjamin – Literêre montage as mosaïekwerk in *Memorandum*. ’n Verhaal met skilderye (2006). *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 54(3): 505-523.

Venter, Francois Alwyn

1952 *Swart pelgrim*. Johannesburg: Boek-Van-Die-Maand-Klub.

Viljoen, Hein

2013 Introduction. In: Viljoen, Hein (ed.) *Crossing Borders, Dissolving Boundaries.* Amsterdam: Rodopi, pp. xi-xivii.

Viljoen, Hein & Van Der Merwe, Chris

2004 Storyscapes. South African Perspectives on Literature, Space and Identitiy. New York: Peter Lang.

2007 *Beyond the Threshold. Explorations of Liminality in Literature.* New York: Peter Lang.

Visagie, Andries

2005 Wit mans, swart vroue: *Man Bitch* van Johan van Wyk (2001) en *Kontrei* Van Kleinboer (2003) as seksuele outobiografieë. *Tydskrif vir Nederlands En Afrikaans* 30(2): 225-253.

West-Pavlov, Russell

2014 Inside Out – The New Literary Geographies Of The Post-Apartheid City In Mpe’s And Vladislavić’s Johannesburg Writing. *Journal Of South African Studies* 40(1): 7-19.

Wilson, Elizabeth

1991 *The Sphinx in the City*. Londen: Virago.

Winkler, Tanja

2014 On "Spaces Of Home": Exploring Hillbrow's Discursive Credoscapes. In: Harrison, Philip; Gotz, Graeme; Todes, Alison & Wray, Chris (eds) *Changing Space, Changing City. Johannesburg After Apartheid*. Johannesburg: Wits University Press, pp. 487-493.

**Bibi Burger**

Universiteit van Stellenbosch

Bibi.Burger@up.ac.za